

Herhistorisering en herpositionering: perspektiewe op aspekte van geskiedsbeoefening in hedendaagse Suid-Afrika

*ALBERT GRUNDLINGH**

In hierdie artikel word kortliks vanuit die oogpunt van 'n akademiese historikus besin oor die wyse waarop daar die afgelope dekade met fasette van die verlede in die Suid-Afrikaanse verband omgegaan is. Die ontleding is selektief in soverre dit spesifiek op formeel gestruktureerde geskiedskrywing fokus en nie byvoorbeeld op mondelinge oorleweringe of tradisies, literêre werke met historiese temas en die transmissie van die verlede deur monumente en ander erfnisprodukte nie. Hierdie toenemende belangrike uitdrukkingsvorme van historiese bewussyn en hulle kontekstualisering regverdig 'n afsonderlike studie. Benewens 'n evaluering van 'n aspek van die herhistoriseringsproses, soos gemanifesteer in amptelike of semi-amptelike gedaante, word daar gepoog om in breë trekke die vak Geskiedenis aan dominant Afrikaanse instellinge op 'n

* Hierdie artikel is 'n verwerking van 'n professorale intrede wat op 19 Junie 2001 aan die Universiteit van Stellenbosch gelewer is. Albert Grundlingh amgrund@maties.sun.ac.za se jongste artikel het oor erfnisstudie handel en is in die *Radical History Review*, 81, Herfs 2001, gepubliseer. Sy algemene navorsing handel oor Afrikaner sosiale geskiedenis en erfnis.

akademies verantwoordbare wyse in 'n veranderde Suid-Afrika te herposisioneer.

Die African National Congress (ANC) en geskiedsbeoefening: positiewe sinergisme?

Ten tye van die ANC se bannelingskap het die organisasie as integreerende deel van sy politieke mobilisasie en indoktrinering die apartheidsverlede as aambeeld gebruik om lede ideologies te smee. ANC rekrute is goed vertrouwd gemaak met die basiese kronologie van die organisasie se ontwikkeling, gedenkdae is in herinnering geroep en toesprake het gereeld verwys na voor-koloniale samelewings en verzet teen koloniale moondhede.¹ Vir ANC intellektueles was die “ontwikkeling van 'n progressiewe en patriotiese historiese bewussyn en denkwyse deel van die stryd vir ekonomiese en sosiale emansipasie van apartheid en kolonialisme”.² Op 'n politieke vlak het hierdie retoriek en wekrope, soos die geval met die meeste nasionalistiese bewegings is, hulle doel gedien.

Te midde van die stryd was daar egter nie, soos te verwagte, die geleentheid vir deurtastende akademiese navorsing nie. Dié situasie is onlangs as volg opgesom:

black ... intellectuals made no systematic efforts to rewrite history or demolish the canons of colonial historiography, although they made occasional references to the need to do so. The need to change the future proved too compelling, and the task of changing the past was left to radical white academics.³

Met 'n ander politieke bedeling in plek en die formele anti-apartheid stryd verby, sou daar redelikerwys verwag kon word dat met nuwe geleentheid en 'n operatiewe gemeenskap 'n generasie swart historici na vore sou begin tree om 'n eiesoortige akademiese stempel af te druk. Dié hoop beskaam egter grootliks.

Om sonder enige nadenke die afwesigheid van 'n beduidende aantal swart historici aan apartheid toe te skryf, sou tien jaar gelede 'n maklik aanvaarbare antwoord gewees het. Maar straks het die tyd nou aangebreek om effe meer genuanseerd na die situasie te kyk. Wat opvallend is, is dat die meeste gegradueerde swart intellektueles, insluitend historici, hulle nie in die akademie bevind nie, maar in die staatsdiens, semi-staatsdiens of sakektor.⁴ Die rede

-
1. T. LODGE, “Charters from the past: The African National Congress and its historiographical traditions”, *Radical History Review*, 46/7, p. 161.
 2. S. GAWE en F. MELI, “The missing part in South African history” in P. STONE en R. MACKENZIE (reds.), *The excluded past: archeology in education* (Macmillan, London, 1990), 106. (Vertaling).
 3. T. G. KARIS en G. M. GERHART (reds.), *From protest to challenge: a documentary history of African politics in South Africa, 1882 - 1990, vol. 5, Nadir and resistance, 1964 - 1979* (Unisa Press, Pretoria, 1997), p. 108.
 4. T. NUTTAL en J. WRIGHT, “Probing the predicaments of academic history in contemporary South Africa”, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 42, May 2000, p. 28.

hiervoor is gewoonlik dat hulle beter besoldig word as in die akademie; van diegene maak geen geheim daarvan dat die akademiese omgewing, in weerwil van die geleentheid vir intellektuele groei en selfuitdrukking, nie 'n aantreklike opsie is nie.⁵ In 'n sekere sin is dit begryplik, maar terselfdertyd wek sodanige ingesteldheid sekere vrae rondom die oënskynlike teenpole van die soeke na materiële welvaart en erns met akademiese kennisuitbouing. Ideaal gesproke behoort daar 'n tipe ewewig te wees, maar dit is kennelik nie die geval nie.

Waar dit 'n algemene kenmerk in burgerlike samelewings is dat die produksie van formele akademiese kennis dikwels deur middelklaselemente gedryf word,⁶ skyn dit nie 'n hoë prioriteit vir die huidige swart Suid-Afrikaanse middelklas te wees nie. Die swart middelklas het die afgelope dekade met rasse skrede gegroei en in die proses wil dit voorkom asof vroeëre politieke uitlewing wat tans in 'n akademiese rigting gekanaliseer kon word, toenemend deur 'n verbruikerskultuur vervang word. Een akademikus skets die huidige materiële appél soos volg:

(T)he black South African subject of the 1990's bears very little resemblance to the fêted 'revolutionary worker of the struggle' as she/he hurries home fitted out by Sales House, in an entrepreneurial taxi, to watch *The Bold and Beautiful* on television. To put it baldly, the newly available and energetically distributed discourses of libertarian democracy, upward mobility, and the free market are a volatile mix.⁷

Hierbenewens kan verwickelinge in die breë onderwyssektor nie buite rekening gelaat word nie. Die politieke winde van verandering sedert 1990 sou uiteraard ook die onderwys raak. Die universiteitswese word gekenmerk deur volgehoue transformasiepogings wat onder meer as oogmerk het om die apartheidsverlede agter te laat. By sommige universiteite is van dié inisiatiewe sinvol verwerk en oordeelkundig bestuur sonder om die akademiese rasionaal van die instelling te benadeel; by talle ander het die transformasieproses egter in 'n voortslepende en onbeheerste magspel ontwikkel met gepaardgaande institusionele verval en weinig akademiese progressie. Dit het beteken dat van laasgenoemde universiteite as kennisgenererende instellinge in die samelewing bykans effektief uit die akademiese speelveld geneem is.⁸ In weerwil van daadwerklike pogings by sekere instansies om die ruimte en geleentheid vir 'n nuwe generasie

-
5. T. MALOKA, "Radical historiography and African historians in South Africa: a preliminary reflection", Ongepubliseerde referaat, 1996, p. 1.
 6. Sien byvoorbeeld, E BLAKE JR., "The role of black universities in the United States of America" in H.W. VAN DER MERWE en D. WELSH (reds.), *The future of the university in Southern Africa* (David Philip Uitgewers, Cape Town, 1977), pp. 34 – 48.
 7. E. BERTELSEN, "Ads and amnesia: black advertising in the new South Africa" in S. NUTTAL en C. COETZEE (reds.), *Negotiating the past: the making of memory in South Africa* (Oxford University Press, Kaapstad, 1998), p. 240.
 8. Vergelyk byvoorbeeld R.W. JOHNSON, "Liberal institutions under pressure: The universities" in R.W. JOHNSON en D. WELSH (reds.), *Ironic victory: liberalism in post-liberation South Africa*, (Oxford University Press, Kaapstad, 1998), pp. 141 – 160.

historici te skep,⁹ is daar nie veel tekens van lewenskragtige en vars akademiese uitsette deur swart historici nie.

Die produksie van nuwe historiese kennis is verder in die wiele gery deurdat die vak Geskiedenis op skoolvlak in Kurrikulum 2005 gemarginaliseer is. Waar skoolgeskiedenis onder apartheid as een van die vele eensydige indoktrinasië-agente uitgesonder is, wil dit voorkom asof daar in die post-apartheid tydperk wat beplanning betref, ondeurdag beweeg is na bykans geskiedenislose leerplanne. Hoewel onderwysowerhede onlangs tekens van herbesinning getoon het, is daar reeds intussen heelwat skade aan die vak en beroepsmoontlikhede in dié rigting berokken.¹⁰

In aansluiting by die herondersoek na skoolgeskiedenis skyn daar in regeringskringe, veral na die bewindsoorname deur president Thabo Mbeki wat 'n meer eksplisiete Afrikanistiese weg ingeslaan het, 'n toenemende besef te wees dat geskiedenis 'n belangrike wapen in die politieke arsenaal is wat nie sonder meer prysgegee kan word nie. Hoewel professionele historici die hernieude belangstelling in die geskiedenis van regeringsweë behoort te verwelkom, het hulle ook rede om skepties te wees oor wat die uitkoms daarvan gaan wees.

Mbeki het onlangs onder die vaandel van die "South African Democracy Trust" 'n grootskaalse projek geloods om spesifiek swart geskiedenis te boekstaaf.¹¹ Borge vir die projek waarvoor ten minste R6 miljoen begroot is, is Nedbank en MTN; tot dusver het dié ondernemings nog nie uitgespel waarom hulle dit sinvol geag het om geskiedskrywing van hierdie aard te befonds nie. Die projek beoog onder meer om ten minste vyf volumes oor die bevrydingstryd daar te stel en die hoop is uitgespreek dat die bevindinge van die ondersoek in nuwe skoolgeskiedenisboeke, populêre geskiedeniskrifte en visuele dokumentêre aanbiedings sal neerslag vind. Polities is dit 'n vry algemene verskynsel dat oorwinnaars die geleentheid kry om die verlede te herdefinieer en die ANC se optrede in die verband is derhalwe nie vreemd nie.

Onderliggend aan die projek is egter die aanname dat swartes tot dusver heeltemal uit die geskiedenis geskryf is. So het Mbeki dit gestel dat sedert 1652

an entire people ceased to exist. Themba became James, Nosipho became Mary. They had no identity, no past and indeed no future ... I am not sure if the history

-
9. S. MORROW, "An argument for history" in *South African Journal of Higher Education*, 14(3) 2000, pp. 32 – 36; L. SWITZER, "The challenge of university teaching in the new South Africa: an outsider's perspective" in *Scrutiny*, 2, 3, 2, 1998, pp. 3 – 19.
 10. Vergelyk <http://www.education.pmv.gov.za/policies/reports/history/archeology>, 23/4/01; M. GARDINER, "Past and present: Teaching history and archeology", *Indicator*, 18(1), 2001, pp. 69-73.
 11. <http://www.sapa/edb/ac.za, 21/3/01>.

books have changed. Rewriting history is particularly important for the youth who did not know what the past meant.¹²

Wat hierdie stelling merkwaardig maak, is dat die verreikende historiografiese omwenteling van die afgelope 30 jaar in Suid-Afrikaanse akademiese geskiedskrywing wat onder meer daarop gemik is om veral swart geskiedenis van die vergetelheid te ontruk, eensklaps van die tafel gevee word.

Hoewel dit seker onbillik is om te verwag dat 'n president van 'n land ten volle op die hoogte moet wees van akademiese geskiedskrywing – sy taak lê immers elders – kan daar wel geredelikerwys verwag word dat die projekteier van die beoogde nuwe geskiedenis, professor Bernard Magubane, oor grondige historiografiese kennis sou beskik. Magubane is 'n antropoloog/historikus wat ruim 30 jaar as Suid-Afrikaanse banneling in Amerika doseer het. Dit wil nie voorkom asof akademiese ewewigtigheid vir hom 'n hoë prioriteit was nie. Oor een van sy boeke is opgemerk: “These are the words – not of a detached academic – but of a political savant whose commitment shines from every page.”¹³ Magubane het dit ook al eksplisiet gestel dat hy nie veel erg aan geskiedskrywing het wat sy eie werk voorafgegaan het nie; hy ignoreer dit gewoon en slaan sy eie ongenuanseerde soms eksentrieke rigting in.¹⁴

Oor die algemeen is dit opmerklik hoe onproblematies die verlede aangebied word in die geskiedenisliteratuur oor die ANC wat uit eie geledere genereer is: die organisasie het eenvoudig van krag tot krag gegaan, die leierskap was onbesproke en die politieke strategieë weldeurdag en onfeilbaar. In so 'n weergawe is daar geen ruimte vir oordeelsfoute, geen tekens van kontradiksies of spannings in die beweging nie en is alle klasse bykans pynloos onder 'n nasionale banier verenig.¹⁵ Die toets van die nuwe geskiedenis, wat ook geleentheid vir opkomende swart historici sal bied,¹⁶ sal wees in welke mate dié patroon vermy kan word.

Suid-Afrika het natuurlik reeds vantevore deur so 'n fase van geskiedskrywing gegaan toe Afrikanergeskiedenis op simplistiese wyse aangebied en bewierook is. Sodanige romantiese en politiesgelaaide heldevererende lydingsgeskiedenis – ook al genoem “bulk-op-die-bloedspoor” of “kloek-agter-die-keiser-aan” geskiedenis¹⁷ – het 'n beperkte rakleef tyd en kan oor die lang duur 'n

12. *Ibid.*

13. B. MAGUBANE, *South Africa: From Soweto to Uitenhage* (African World Press, New Jersey, 1989), lokteks.

14. B. MAGUBANE, *The making of a racist state: British imperialism and the making of South Africa* (African World Press, New Jersey, 1996) 346, 375. Sien ook die resensie van T. LODGE in *Global Dialogue*, 3,2, Julie 1998.

15. Vergelyk C BUNDY, *Re-making the past: New perspectives in South African history* (UCT Press, Kaapstad, 1986) p. 20.

16. H-SouthAfrica@H-net.Msu.Edu (Greg Houston), 19 Junie 2001.

17. Die terme is ontleen van Jannie Gagliano en Deon Geldenhuys.

gemeenskap meer kwaad as goed doen. Tussen nasionalistiese geskiedskrywing en die geskiedenis van nasionalisme is 'n groot en belangrike konseptuele sprong. Die bevrydingstryd is 'n ingewikkelde en dramatiese sage wat 'n uitmuntende geskiedenis verdien; dit behoort nie met 'n tweederangse produk tevrede te wees nie.

Tot dusver het die moontlikheid van 'n tipe ANC lydingsgeskiedenis weinig kommentaar ontlok, in teenstelling met dergelike Afrikanergeskiedenis wat in die verlede wel deeglik gekritiseer is. Een rede hiervoor is moontlik die kwynende rol van historici in die samelewing. Tot 1994 was die verlede 'n gekontesteerde terrein en het dit meegehelp aan 'n lewendige en kritiese akademiese geskiedskrywing. Tans skyn dit nie of daar in sekere kringe behoefte aan so 'n tradisie is nie; dit wil byna voorkom asof die geskiedenis nou as afgehandel beskou word en al wat oorbly is om die resultate – gedreineer van enige kontroverse – in 'n aanvaarbare vorm vir die nageslag te boek te stel. Hiervoor is daar reeds deur die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) se geskiedenisverslag en die kwessie van skuld voorbrand gemaak.

Die skuldvraagstuk: 'n belowende historiese vraagstelling?

'n Joernalis het onlangs opgemerk:

(S)kuld, aandadigheid aan die apartheidsverlede en die gevolge daarvan vir al die mense van die land het een van die groot kwessies van die dag geword.¹⁸

Dit mag inderdaad so wees, maar is nie noodwendig 'n nuwe tema nie. Reeds in 1971 het die bekende F. A. van Jaarsveld die onderwerp van skuld in Afrikanergeskiedenis in 'n artikel aangeraak en dit in 1984 met 'n boek opgevolg.¹⁹ Die aard en konteks van die huidige vraagstelling is egter met die werk van die Waarheid- en Versoeningskommissie (WVK) en die sogenaamde “Boetman”-debat skerp omlyn en het 'n meer polemiese en dwingende politieke inslag.²⁰ Ten tye van Van Jaarsveld se besinninge was die skuldvraagstuk nog nie so deel van die openbare politieke debat nie.

Wanneer 'n historikus gevra word om hom of haar oor die werk van die WVK uit te laat is dit noodsaaklik om analities tussen die WVK as proses en die WVK se verslag oor die verlede te onderskei. Die WVK as proses, waardeur daar vir slagoffers die geleentheid geskep is om hulle belewenisse van ernstige apartheidsvergrype openbaar te maak, het waarskynlik, hoewel nie noodwendig nie, vir sommige van die betrokkenes terapeutiese waarde ingehou in soverre dit wat in die verlede in die donkerte gebeur het in die huidige belig word en in die

18. *Rapport*, 25 Maart 2001.

19. F.A. VAN JAARSVELD, “Geskiedenisonderrig en selfvervreemding in 'n veranderde lewensituasie”, *Historia*, 16(4), Desember 1971, pp. 261 – 270; F A van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede; geskiedenisideologie en die historiese skuldvraagstuk* (Perskor, Johannesburg, 1984).

20. Vergelyk C. LOUW, *Boetman en die swanesang van die verligtes* (Human en Rousseau, Kaapstad, 2001).

samelewing erken en veroordeel word. Ongeag of die verhale almal volkome akkuraat was, was dit belangrike individuele narratiewe wat in die Suid-Afrikaanse samelewing na vore moes kom. Terselfdertyd is dit ook 'n ryk bron van inligting vir toekomstige historia.

Dit raak egter 'n meer problematiese saak wanneer dié verhale as konseptuele vertrekpunt geneem word om die Suid-Afrikaanse verlede te hervertolk. Hoewel die kwessie van menseregteskendings uiteraard 'n belangrike onderwerp is, is dit te simplisties om die gekompliseerde Suid-Afrikaanse verlede langs die lyne te reduseer. Die WVK se geskiedenisverslag is dan ook al indringend gekritiseer; soveel so dat een van die hoofargitekture van die verslag se enigste verweer is dat dit onbillik is om akademiese maatstawwe van toepassing te maak op dit wat hy as 'n belangrike politieke intervensie beskou.²¹

'n Verdoemende geskiedsbeeld wat ten doel het om finaal met die verlede af te reken, mag ironies, juis die teenoorgestelde bereik as wat dit beoog. Deur kritici van links en van regs te ignoreer en slegs die debat binne eie kring te hou,²² word die moontlikheid om daadwerklik verskillende kante van die saak te verreken byvoorbaat uitgesluit. Die poging om afsluiting ("closure") te bereik, verskraal boonop die moontlikheid van versoening. Die skuld las word volledig op een groep geplaas wat dit bloot eenvoudig in sak-en-as moet aanvaar sonder dat 'n diepgaande ontleding van hulle optrede op 'n verantwoordelike wyse – anders as om misleidende Nazi analogieë te gebruik – aan die orde kom. Sodanige verledevoorstelling kan beswaarlik tot wedersydse begrip lei.

Die fundamentele mistasting is die uitgangspunt dat in dié verledevoorstelling geen ruimte gelaat behoort te word vir enige vorm van onsekerheid of bespiegeling oor die keuses wat historiese akteurs uitgeoefen het nie. Hierdeur word die wesensaard van die proses van omvattende en vernuwende identiteitsvorming misken; kontroverse lê juis aan die kern van identiteitsformasie en behoort aangemoedig en vertolk te word, in plaas daarvan om dit te ontken. In 'n onlangse belangwekkende boek oor die kwessie van die "holocaust" in die Amerikaanse openbare lewe, het Peter Novick dit beklemtoon

-
21. Die WVK se geskiedenisverslag is in *Truth and Reconciliation Commission of South Africa Report I*, (Macmillan, Kaapstad, 1998), Hoofstuk 2. Akademiese kritiese beoordelings is dié van D. POSEL, 'The TRC report: What kind of history? What kind of truth? Referaat by 'n konferensie, "The TRC: Commissioning the Past", Universiteit van die Witwatersrand, Junie 1999; C. BUNDY, "The beast of the past: history and the TRC" in W. JAMES en L. VAN DE VIJVER (reds.), *After the TRC: reflections on truth and reconciliation in South Africa*, (David Philip, Kaapstad s.d.) pp. 9 – 20. Die verweer is afkomstig van C. VILLA-VICENCIO, "On the limitations of academic history: the quest for truth demands both more and less" in W. JAMES en L. VAN DE VIJVER (reds.), *After the TRC: reflections on truth and reconciliation in South Africa*, pp. 21 – 31. 'n Meer polemiese, maar nietemin skerpsinnige kritiek is dié van D. ROODT, *Om die Waarheidskommissie te vergeet* (Praag, Johannesburg, 2000).
22. Vergelyk H. ADAM, "Globalization of justice: truth commissions as an alternative?" (Ongepubliseerde referaat, 2000), pp. 2 – 3.

dat teenstrydighede en onafgeslotenhede juis in die narratief geïnkorporeer moet word om tot ‘n volwasse verledebewussyn te kom:

But collective memory, when it is consequential, when it is worthy of the name, is characteristically an area of political contestation in which competing narratives about central symbols in the collective past, are disputed and negotiated in the interest of redefining the collective present.²³

So ‘n meervoudige afrekening met apartheid is egter nie wat die WVK in gedagte gehad het nie.

Vasgevang in ‘n binêre opposisionele raamwerk ten opsigte van apartheid, beweeg die WVK se geskiedenisverslag nie weg van geïkte voorstellings nie. Om meer oor apartheid te wete te kom, is dit nodig om ‘n ander stel vrae aan die orde te stel. Byvoorbeeld: in welke mate het die 1948 verkiesing wesentlik om apartheid gegaan of was ander verkiesingskwessies meer dringend?²⁴ Het alle Afrikanerklasse apartheid in gelyke mate en in dieselfde terme gesteun? Het apartheid die verskil tussen “sagte” en “harde” liberales verdoesel? Hoeveel weet ons van swart akkommodasie (wat nie noodwendig aanvaarding impliseer nie) van apartheid in teenstelling met die stortvloed literatuur oor swart verset? Is daar sprake van slagoffergenoegdoening (“joys of victimhood”) wat in die naweë van apartheid manifesteer? Antwoorde op hierdie vrae mag ons moontlik verder as die WVK se geskiedenisverslag neem.

Dit is opvallend dat die WVK deur moraliserende teoloë en deur menseregteaktiviste gedomineer is en dat historici nie ‘n beduidende rol gespeel het nie.²⁵ Hoewel daar seker ‘n aantal oorsake hiervoor is, kan een van die redes ook in die aard van die professie gesoek word. Sonder om ‘n te geïdealiseerde beeld te wil skep, kan dit tog breedweg gestel word dat die meeste historici oor die algemeen geneig is om omsigtig met die geldigheid van getuienis om te gaan, afgebakende terreine in diepgang te bestudeer en teen ‘n breë doek te projekteer, bedag is op gevare van retrospektiewe determinisme wat die beskikbare keuses in die verlede negeer, en versigtig is om vergelykings goedsmoeds te aanvaar. Uit die oogpunt van die historikus kan die skuldvraagstuk in sy huidige vorm as te simplisties en eenduidig voorkom: “Skuldig of onskuldig? Ja of nee?” Vir historici wat van mening is dat historiese dokumente selde “nee” antwoorde op “ja” tipe vrae of omgekeerd, is die skuldvraagstuk nie ‘n belowende vertrekpunt nie.

23. P. NOVICK, *The holocaust in American life* (Schuster & Schuster, New York, 1999), 279.

24. Vergelyk J.P. BRITS, *Op die vooraand van apartheid: die rassevraagstuk en die blanke politiek in Suid-Afrika, 1939-1948* (Universiteit van Suid-Afrika Uitgewers, Pretoria, 1994).

25. Vergelyk J. TEMPELHOFF, “We are utterly sorry. We are deeply ashamed and gripped with remorse” – Menseregte, boetedoening en die kultuurhistoriese toeweningsproses” (Ongepubliseerde referaat, 2001) p. 20.

Hierbenewens druis hedendaagse post-modernistiese impulse in die vak selfs meer as vantevore lynreg in teen die gedagte van ‘n omvattende eenrigting narratief. Dit is dus nie verbasend dat die meeste historici hulle nie met die WVK ingelaat het nie; sommige mag die WVK se omgang met die verlede selfs as retrogressief beskou. ‘n Belangriker kwessie vir historici tans is hoe om die professie in ‘n veranderde intellektuele en politieke omgewing in Suid-Afrika te herposisioneer.

Het die vak Geskiedenis in Afrikaans ‘n beter verlede as toekoms?

Tien jaar gelede het Johannes du Bruyn van die Universiteit van Suid-Afrika geredeneer dat as gevolg van die noue verweefdheid van Afrikaanse historiografie met nasionalisme en apartheid, “die voortbestaan van Afrikanergeskiedskrywing lê in sy vernietiging: dit sal geskiedskrywing in Afrikaans oor Suid-Afrika moet word”.²⁶ Hoewel sterk gestel, weerspieël dit ‘n aspek van die dilemma wat Afrikanerhistorici in die negentigerjare beleef het.

Afrikanergeskiedskrywing het sy bloeitydperk van omstreeks 1930 tot ongeveer 1980 beleef en in dié tyd, ten spyte van konseptuele leemtes, ‘n enorme hoeveelheid kennis oor die Suid-Afrikaanse verlede aan die lig gebring. Sedertdien het dit deels as gevolg van politieke ontwikkelinge en nuwe historiografiese tendense geleidelik gemarginaliseer geraak. Engelstalige historici, baie van hulle in die buiteland geskool, het die voortou geneem, terwyl Afrikanerhistorici se kontak met die internasionale wêreld tydens die apartheidsera aansienlik verskraal het. Tradisionele benaderingswyses tot die vak het ongestoord voortgeduur met weinig bevruggende kruisbestuiwing. Teen die middel van die negentigerjare het die veranderde politieke omgewing en die omwentelinge in die onderwyssektor Afrikaanse historici in ‘n netelige posisie geplaas. Studentegetalle in Geskiedenis het drasties aan universiteite afgeneem en geykte ideologiese hegemonese beskouinge van die vak het hulle houvas begin verloor.

Die beëindiging van apartheid het egter ook Afrikaanse historici bevry. Dit is nou nie meer nodig om die onhoudbare historiese rasionalisasies vir apartheid in stand te hou nie, of om bepaalde benaderingswyses wat hulle oorsprong in intellektuele Afrikaanse klimaat van die vorige bedeling gehad het, te onderskryf nie. Ofskoon die aantal Afrikaanssprekende historici baie afgeneem het, is die oorblywendes tans in ‘n posisie om die grondslae van die vak soos dit

26. J. DU BRUYN, “Swartes in die Afrikanergeskiedskrywing” in H.C. BREDEKAMP (red), *Afrikaanse geskiedskrywing en letterkunde: verlede, hede en toekoms* (Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville, 1992), p. 71.

neerslag gevind het in die ongerenoveerde gedagte van “objektief-wetenskaplike” geskiedenis en/of geskiedenis as hoë kultuur, te bevraagteken.²⁷

In 1991 het André du Toit in ‘n toekomsbesinning oor die vak in Afrikaans ‘n moontlike scenario geskets dat indien Afrikaans sou voortbestaan as ‘n vitale openbare taal, “Afrikaanse geskiedskrywing op ‘n “natuurlike en ongepolitiseerde wyse nuwe terreine sal verken in ‘n verskeidenheid sosiale kontekste”²⁸ Vandag is dit so dat Afrikaans, hoewel dit ampsweë onder druk is, besonder lewenskragtig in die burgerlike samelewing en kunswêreld figureer, geskiedskrywing nog nie by die bruisende stroom baat gevind het nie. Afgesien van strukturele probleme in die professie, is dit ook so dat paradigmatiese aanpassings nog nie volledig neerslag gevind het nie. Die uitdaging is om ‘n partikuliere betekenis aan inheemse geskiedskrywing oor ‘n verskeidenheid onderwerpe te bied – onder meer ook vars beskouinge oor die Afrikaner en Afrikaanse mense – en terselfdertyd die bevindinge deeglik in breër moderne historiografiese strominge te fundeer.

Vir Hermann Giliomee stam so ‘n partikuliere Afrikaanse benadering, in teenstelling met ‘n gediskrediteerde nasionalistiese roepingsgeskiedenis, breedweg uit ‘n bepaalde ervaringswêreld:

Dit gaan oor die agtergrond van boerdery, die laat en traumatiese verstedeliking, die probleme van armblankes en armbruines, die verwerping van die Empire en die poging lank voor die African Renaissance om ‘n taal en kultuur gewortel in die land op te bou.²⁹

Ook André du Toit, ten spyte van sy verskille met Giliomee oor die morele implikasies van die apartheidsverlede, vind die essensie van Afrikanergeskiedenis nie in die politieke konsolidering van mag in die apartheidsjare onder HF Verwoerd nie, maar oor die langtermyn eerder in die Afrikaner se gebrek aan mag. Die Verwoerdmoment was volgens hom ‘n abnormaliteit:

As ‘n mens teruggaan na die vroeë geskiedenis van die Afrikaners dan was hulle as minderheidsgroep dikwels marginaal en magteloos. Dit was ‘n situasie waar ‘n boer ‘n plan moes maak, moes akkommodeer en by wyse van alliansie op allerlei maniere ‘n weg in ‘n groter konteks moes vind waar daar imperiale magshebbers en meer getalryke ander groeperinge was.³⁰

27. Vir ‘n kritiese beskouing van die gedagte sien A. GRUNDLINGH, “Politics, principles and problems of a profession: Afrikaner historians and their discipline, 1920-1965” in *Perspectives in Education*, 12, 1990, pp. 1-19. Vir ‘n onlangse kriptiese verdediging van die uitgangspunt sien P. KAPP, “Kontinentale kontak en invloed op die Afrikaanse geskiedbeoefening”, *Historia*, 45(2) November 2000, p. 428.

28. A. DU TOIT, “Hendrik Bibault of die raaisel van Prof JLM Franken” in Bredekamp (red), p. 2, 19n3.

29. *Rapport*, 22 September 2000.

30. André du Toit in gesprek met Pieter Duvenhage, “Filosoof tussen politiek en geskiedenis”, *Fragmente*, 5, 2000, p. 109.

Apartheid, wat onder meer veronderstel was om die Afrikaner se geestesgoedere te verskans, het ironies genoeg daartoe bygedra dat sy of haar geskiedsbeeld juis verskraal is. Die verblindende ongeregtighede wat met die stelsel gepaard gegaan het, het meegehelp om navorsers negatief te stem en die voor-apartheid geskiedenis van die Afrikaner as nie-dominante groep dienooreenkomstig te ondermyn en te delegitimeer.³¹

Gestroop van die vernis wat Afrikanergeskiedenis oor die jare bedek het, kan nuwe partikuliere dimensies ontdek word. Slegs in die 20ste eeu doen enkele voorbeelde hulself voor: die wisselwerking tussen ideologie en armoede in die 1914-rebellie; die ontvanklikheid van sekere Afrikaners vir sosialistiese idees in die dertiger – en veertigerjare; Afrikanersteun vir die gedagte van blanke “Suid-Afrikanisme” in plaas van ‘n enger Afrikanernasionalisme; Afrikanerdeelname aan die Tweede Wêreldoorlog, 1939 – 1945; die kulturele en sosiale uitwerking van ‘n snelgroeïende middelklas in die sestigerjare; en die rol van dissidente in Afrikanergeleedere om apartheid af te breek.

Hierbenewens is taal ook ‘n partikuliere faset. Sonder om in die gevaarlike slagat te trap dat slegs Afrikaanssprekendes Afrikanergeskiedenis kan skryf, is dit nietemin so dat ‘n bekendheid met Afrikaans en die nuanses van die taal die historikus kan insae gee in fyn wisselwerkings en aksentverskuiwings wat andersins miskien nie op dieselfde manier na vore sou kom nie. Die bekende historikus, Shula Marks, het onlangs ten opsigte van Afrikatale opgemerk dat

(T)he present time does open up the way for the new, and often different, ways of seeing and being, varied sensibilities and far greater linguistic skills that Africans can bring to the study of humanities in South Africa.³²

Hoewel Marks nie Afrikaans in gedagte gehad het nie, is daar geen rede waarom die stelling nie ook op Afrikaans van toepassing gemaak kan word nie.

Maar dit is natuurlik nie genoeg nie. Die nuwe bedeling vra al lank reeds ‘n paradigmatische breuk met die identifisering van Afrikaans as die uitsluitlike eiendom van blankes – trouens reeds in 1960 het NP van Wyk Louw skerp op die onhoudbaarheid van eksklusiwiteit gewys.³³ Afrikaans het ‘n besondere reikwydte onder verskillende klasse en kan ‘n belangrike ontsluitingsmiddel wees wanneer die geskiedenis van bruinmense veral op die platteland maar ook in stedelike gebiede ter sprake is. Terselfdertyd is dit so dat die geskiedenis van bruinmense nog geensins die aandag gekry het wat dit verdien nie. Om maar slegs een voorbeeld te noem: terwyl daar talle werke oor die geskiedenis van blanke Stellenbosch bestaan, kan dieselfde nie van ander groepe gesê word nie.

31. Vergelyk ‘n brief van Irving Hexhan, ‘n Kanadese historikus wat in Suid-Afrika navorsing gedoen het, in *National Post*, 11 Oktober 1999.

32. S. MARKS, “The role of humanities in higher education in South Africa” in *Pretexts: literary and cultural studies*, 9(2), 2000, p. 230.

33. Voorwoord in D.P. BOTHA, *Die opkoms van ons derde stand* (Human & Rousseau, Kaapstad, 1960).

Hoe die partikuliere ook al uitgespel word, is dit nodig om die tematiek binne 'n breër denkraamwerk as vantevore te akkommodeer. Dit is in hierdie verband dat konseptuele begrippe en uitgangspunte wat in die internasionale historiografie figureer, met vrug ondersoek en moontlik ontplooi kan word. Die internasionale terrein is natuurlik in so 'n vloeibare toestand dat selfs net die blote poging om aansluiting te vind, verwarrend kan wees. Waar posisioneer die historikus hom te midde van 'n hipermark van tendense?

'n Persoonlike voorkeur is 'n vernuwende vorm van sosiale geskiedenis. Deels is die keuse gewoon vir my gemaklik aangesien dit die intellektuele agtergrond is waarvandaan ek kom, maar die potensiele ontvanklikheid van die sosiale geskiedenis paradigma vir die absorbering van breër konsepte is eweneens 'n belangrike oorweging. In die sosiale geskiedenis gaan dit wesentlik oor die wyse hoe kontekstuele ekonomiese, politieke en ideologiese strominge, verklarend en singewend op die handelswyse van veral, maar nie uitsluitlik nie, gemarginaliseerde groepe in die samelewing inwerk.³⁴ Die basiese uitgangspunt van sosiale geskiedenis poneer derhalwe die akkommodering van breër strominge. 'n Moderne herwaardering van die kulturele wat veel wyer as voorheen strek, is tans een van die sterk uitlopers van sosiale geskiedenis as 'n hibriede vorm van kennis. Benaderings ontleen en aangepas van kulturele antropologie, diskoersanalise en genderteorieë word toenemend ingespan om nuwe aspekte van die verlede in samehang met empiriese navorsing bloot te lê.³⁵ "We continually need to be shaken out of a false sense of familiarity with the past, to be administered doses of culture shock," het een skrywer die toenemende belangrikheid van die kulturele dimensie van sosiale geskiedenis beklemtoon.³⁶

34. Vir 'n bespreking van sosiale geskiedenis en die impak daarvan op die Suid-Afrikaanse historiografie sien byvoorbeeld A. GRUNDLINGH, "Sosiale geskiedenis en die dilemma in Afrikanergeskiedskrywing", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 19, 1987, pp. 31-49; B. BOZZOLI en P. DELIUS, "Radical history and South African society", *Radical History Review*, 46/7, 1990, pp. 1-23; A. GRUNDLINGH, "Transcending transitions? The social history tradition of historical writing in South Africa in the 1990's," *Intreerede*, Universiteit van Suid-Afrika, 1997. Van die beste sosiale geskiednisse in Suid-Afrika in dié van C. VAN ONSELEN, *Studies in the social and economic history of the Witwatersrand, 1886-1914. Volume 1, New Babylon* (Ravan Press, Johannesburg 1982); C. VAN ONSELEN, *Studies in the social and economic history of the Witwatersrand, 1886-1914. Volume 2, New Nineveh* (Johannesburg : Ravan Press, 1982); C. VAN ONSELEN, *The seed is mine: the life of Kas Maine, a South African sharecropper, 1894 – 1985* (David Philip, Kaapstad, 1996); B. NASSON, *Abraham Esau's War: a black South African War in the Cape, 1899-1902* (Cambridge University Press, Cambridge, 1991).

35. Vergelyk <http://www.nzhistory.net.nz/Fragments/intro/htm>, Introduction to fragments: New Zealand Social and Cultural History.

36. R. DARNTON, *The great cat Massacre and other episodes in French cultural history* (Macmillan, Harmondsworth, 1985), p. 12.

Sodanige ontwikkelinge dui daarop dat die grense van wat die verlede konstitueer, al hoe wyer getrek word en dat die skeidslyne al hoe dunner word. Kulturele uitdrukkingsvorme en fenomene – vanaf opera tot hondewedrenne – kan op ‘n interdisiplinêre wyse teen die agtergrond van vormgewende en wisselende sosio-ekonomiese en politieke omstandighede bestudeer word.

Hierdie verwickelinge wat indruis teen die gedagte van stabiele kultuurvorme as outonome agente, hou sekere implikasies vir die analise van Afrikanerdom in. Die stereotipe kulturele elite konstruksie van Afrikanerwees wat ook in die geskiedskrywing weerklank gevind het, kom hier in die gedrang. In Maart 1999 is die kwessie van ‘n verteenwoordigende sosio-kulturele Afrikanergroep deur ‘n aantal Afrikaanse openbare intellektuele aangespreek en der mate gedekonstrueer dat heterogeniteit as die hoofkenmerk na vore getree het. Op ‘n konkrete wyse is daarop gewys:

Daar (is) bruin en bleek, kommuniste en Boere en boere en bittereinders en liberale, Dakar-pelgrims en agnostici en Boedhiste en afvalliges en wederstrewiges en skrumskakels en alkoholiste en kerkmuise en kultuurkokkerotte en moffies en mekênieks en vissermense sonder kwotas en vorige grensvegters en boepbewoners en nihiliste en diakens en geselinne en filosowe en koffiedrinkers kortom, daardie ruie en ongetemde maar lewenskragtige verskeidenheid onafhanklikes en bywoners en sinmakers en ‘useful idiots’ wat met reg daarop aanspraak kan maak dat hulle die ‘meerderheid’ Afrikaners is (maar nooit so aanmatigend sal wees om te dink hulle is ‘verteenwoordigend’ nie).³⁷

Hierdie individualiserende sosiale beskrywing vestig die aandag op die moontlikheid van ‘n vernuwende kyk na die historiese wortels onderliggend aan so ‘n ryke verskeidenheid. Dit is die rou materiaal waarmee ‘n sosiale geskiedenisbenadering kan werk om na die aanvanklike ontbondeling, weer ‘n vars sintetiserende geheel, gebaseer op bewese gemeenskaplikhede en ingelig deur teoretiese herbesinning daar te stel.

In die ywerige soeke na paradigmitiese vernuwing bestaan die gevaar om eenvoudig alle voorafgaande konstruksies en projekte te negeer. Dit is ‘n mistasting wat veral historici, wat daarop roem dat hulle sensitief is vir dit wat in die verlede gebeur het, nie behoort te begaan nie. In dié verband is dit toepaslik om daarop te wys dat in die Afrikaanse geskiedskrywing van die werke wat P.J. van der Merwe in die dertigerjare oor die trekverskynsel in die vroeë Kaapse geskiedenis gelewer het, ‘n opvallende poging is om gegewens oor landelike verwickelinge in ‘n sosiale verband saam te snoer.³⁸ In vorm, aanbieding en aard van kontekstualisering verskil sy werk weliswaar aansienlik

37. *Die Burger*, 20 Maart 1999. Die ondertekenaars van die brief was, FvZ Slabbert, Breyten Breytenbach, André P Brink en Ampie Coetzee.

38. P.J. VAN DER MERWE, *Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657-1842* (Nasionale Pers, Kaapstad, 1938). Hierdie werk is ook in 1994 in Engels vertaal. Kyk P.J. VAN DER MERWE, *The migrant farmer in the history of the Cape colony, 1657-1842*, (Ohio University Press, Athens 1995).

van hedendaagse moderne sosiale geskiedenis – die kleinkind sal beswaarlik die grootouer herken of andersom – maar genealogiese familietrekke sal nietemin vaagweg onderskeibaar wees.

Benewens pogings om navorsingsterreine te verbreed, is dit ook nodig om daarop te let dat andersoortige eise aan die vak as onderriggebied in die tersiêre sektor gestel word. Die vak sal nie soos in die verlede op dieselfde wyse kan staat maak op sy status as skoolvak nie – hoewel dit hopelik nie heeltemal sal verdwyn nie – om getalle op universiteitsvlak te voed nie. Ook sal Geskiedenis hom nie in die veranderende hede kan verlaat op ‘n simpatieke Afrikanernasionalistiese dampkring as ondersteuningsbasis nie. Hierdie is egter nie katastrofiese verwickelinge nie; trouens vakke soos Sosiologie en Politieke Wetenskappe bevind hulle reeds vir ‘n geruime tyd in ‘n soortgelyke situasie en het goed daarin geslaag om te oorleef.³⁹ Dit is nou die tyd vir Geskiedenis om te bewys of dit oor die nodige aanpassingsvermoë beskik om op dergelyke wyse sy bestaansreg te regverdig en komplimentêr tot ander vakke te wees sonder om die essensiële historiese dimensie prys te gee.

Op die vraag of Geskiedenis in Afrikaans ‘n beter toekoms as verlede het, is dit na aanleiding van die voorafgaande moontlik om te konstateer dat in retrospek die vak in die verlede sy hoogtepunte in ietwat kunsmatige omstandighede beleef het wat op ‘n verleidelike wyse nie ‘n grondige herondersoek aangemoedig het nie. In die toekoms, te midde van die koue winde van veranderinge, sal voortdurende aanpassing en heraanpassing nodig wees, sonder om sodanig te transformeer dat die bepaalde perspektiewe wat uit ‘n indringende en verbeeldingryke studie van die verlede kom in ‘n amorge en onherkenbare groter geheel opgaan. Of dit noodwendig “beter” gaan wees, is nie noodwendig ‘n uitgemaakte saak nie; elke generasie glo immers dat sy verwerking en omgaan met die verlede progressie en uitmuntendheid verteenwoordig. Wanneer hierdie faktor in berekening gebring word, en met inagneming daarvan dat paradigmatische skuiwe in oorgangsperiodes dikwels elemente van die oue en die nuwe bevat, sal ‘n meer realistiese vooruitsig wees om te hoop dat die vak in ‘n groter mate as vantevore op ‘n kritiese wyse die intellektuele gemeenskap kan verryk en die noodsaaklikheid van historiese perspektiewe en vergelykings in die openbaar kan help belig.

Abstract

Rehistoricising and repositioning: perspectives on aspects of historical practice in contemporary South Africa

This article comments critically on certain aspects of the involvement of the African National Congress government with historical practice in South Africa. It

39. Vir permutasies in Sosiologie sien C. GROENEWALD, “Uitdagings vir die sosiale wetenskappe in die 21ste eeu: Perspektiewe vanuit die Sosiologie” (Ongepubliseerde referaat, 2000).

Grundlingh

highlights the weaknesses of nationalistic inspired political histories and the shortcomings of the history report authored by the Truth and Reconciliation Committee. In a concluding section it seeks to reposition the discipline as practised at predominantly Afrikaans universities.